

18 Junie

God ontferm Hom oor sy kinders

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:1-11
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:8 & 9

'n Mens se gevoel is nie altyd akkuraat nie. Soms voel jy asof jy nie meer kan aangaan nie – en dan kán jy nog. Paulus vertel dat hy ook eenkeer gevoel het asof 'n doodsvonnis oor hom uitgespreek was – en watter vooruitsig het 'n mens dan vir hierdie lewe?!

Maar of jou gevoel nou akkuraat is of nie, dit kan 'n geweldige invloed hê op waarvoor jy kans sien. As dit vir jou voel asof jy nie een tree meer kan gee nie, gaan 'n mens bes moontlik nie eens jou voet probeer lig nie.

Maar iemand wat Jesus as Here en Verlosser ken, kyk eenvoudig anders na die lewe. Ja, kyk net wat skryf Paulus hier (vs 9). Al was sy moeilikheid só erg dat dit gevoel asof hy op die punt was om tereggestel te word, sien hy dit glad nie so nie: "... dit het gebeur, sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe." Verstommend. Eerder as om boedel oor te gee as die lig skrefie vir skrefie vir wegraak, is Paulus vol vertrou en dankbaarheid: In my swaarkry het ek geleer om eerder op die Here as op myself te vertrou. Hy kan dinge wat vir mense onmoontlik is, doen en laat gebeur. Hy kan selfs dooies lewendig maak.

En as Hy dít kan doen, dan kan my probleme mos nie vir Hom te veel wees nie? Pak vandag aan met vertrou in die Here, in Hom wat Hom oor sy kinders ontferm (vs 3).

Sing: Psalm 33:5, 6 ('36-beryming) of Psalm 86:2, 3, 4 (TT Cloete)

Ds. Francois Muller (Buffeldoorns)